# Rustenburg Gemeenskapskerk

## DESEMBER 2021

Posbus / PO Box 20146
Protea Park 0305
www.rtbgkerk.org

Ds. Theo Möller - 066 270 3086
Ds. Ignatius Rademeyer – 071 675 5564
E-pos / E-mail: esta1@vodamail.co.za.
Registration number: MPC: PBO 930046902

| Datum | Tyd | Geleentheid | Plek | Prediker |
|---|---|---|---|---|
| 5 Des | 09h00 | Nagmaal | RHS Onthaallokaal | Theo Möller |
| 12 Des | 09h00 | Adventsdiens | RHS Onthaallokaal | Riaan Steyn |
| 16 Des | 10h00 | Geloftediens | Middelfontein | Ds.Smith & Ds. Möller |
| 19 Des | 09h00 | Adventsdiens | RHS Onthaallokaal | Ignatius Rademeyer |
| 25 Des | 08h00 | Kersdiens | RHS Onthaallokaal | Ignatius Rademeyer |
| 26 Des | 09h00 | Oujaarsdiens | RHS Onthaallokaal | Theo Möller |
| 2 Jan 2022 | 09h00 | Nuwejaarsdiens | RHS Onthaallokaal | Theo Möller |

## Die Here het gekom!



Dit was nie die koninklike aankoms wat enigiemand verwag het nie. Tog het Jesus se koms alles verander. In 'n oogwink het die Seun van God, "God met ons" geword — en meer as 2 000 jaar later juig ons moeë wêreld nog steeds.
Terwyl jy vandag vir Kersfees voorberei, neem tyd om die feit te vier dat Jesus se nederige geboorte die weg vir ons gebaan het om nader aan Hom te kom.
Jesus, dankie dat U, Immanuel, "God met ons" geword het. Dit is as gevolg van U dat ek ware vreugde kan ervaar.
Ek erken dat dit soms moeilik is om vreugdevol te wees te midde van 'n besige of moeilike vakansietyd. Wanneer die sorge van my hart egter baie is, gee u vertroosting my nuwe hoop en moed.
Ek kies dus vandag om by U te skuil en my te verheug. Ek sal sing van vreugde, want U is my krag en my redding. In u teenwoordigheid is daar volheid van vreugde! As gevolg van u nederige koms, meer as 2 000 jaar gelede, kan ek nou die vreugde van u teenwoordigheid vir altyd ervaar. Dankie.
U is altyd alle heerlikheid, eer en mag waardig — dit maak dus nie saak wat ek in die gesig staar nie, ek sal kies om U te aanbid.
In die Naam van Jesus, amen.

## Verjaarsdae Desember 2021

1-Tania Coetzee
2-Ludwig Bouwer
4-Mieke du Plessis
5-Wanda Herbst, Mariza Gorrie
7-Johny Dos Santos
8-Heleen Verster, Esta Möller
Rentia Visser
9-Pieter Liebenberg
10-Marieta Jv Rensburg, Derek Viljoen
11-Marli Haywood
12-Ronel Engelbrecht
14-Listelle Smit
16-Susan Labushagne
17-Mieke Giessing, Annetjie vd Berg
18-Cisca Hopkins
19-Tania Coetzee, Ina Pretorius
20-Cindy Borcher
21-Heleen Venter, Jano Van Straten
23-Aldoné Möller, Henk Beumer
25-Akker Ackerman
27-Carel vd Berg
28-Madelein Pieterse, Nicolene Kleinsmit
29-Johan Labushagne
30-Magda Meyer, Gerald vd Merwe
Nicky de Bruyn
31-Surien van Wyk



## 2021 lê op sy rug

Oumense sê mos as iets genadiglik verby is…."Sela!". Met die Here se genade is ons inderdaad anderkant uit. Die een oomblik hardloop mens volspoed en die volgende oomblik slaan almal die briek! Dit maak mens nogal moeg as mens momentum verloor…
Maar die pluspunte van die jaar vir my, te midde van alles, was die Here se bewarende hand en Sy sorg. Die Heilige Gees het wonderlike nuwe lidmate na ons Kerk toe gebring. Ons bestaande wonderlike lidmate, het al hoe meer terug gekeer Kerk toe. Daar was die seëninge vir geloofs-woorde, sodat ek en Ignatius boodskappe kon stuur en dan natuurlik, ons gemeente se skitterende eindpoging met die Gospelfees, Gholfdag, Kerssangdiens en Belydenis van geloof – geleentheid. Ons dank die Here vir ons gemeente se emosionele, fisiese en finansiële bydraes waardeur die RGK 'n positiewe momentum kon behou.

## Dankoffers

Ons Kerk se:
- instandhouding
- groei
- hulpverlening

kom @ 'n prys. Kan jy asb. maandeliks help? Enige bedrag is welkom!

☑ EFT
☑ Stoporder



## Bydraes tot Kerk en Barmhartigheid

Rustenburg Gemeenskapskerk
FNB
Tjekrekening: 62178931129
Takkode: 258055
Verwysing: Naam en van

## Bid vir ons lidmate

- Deon Barnard
- Riëtte Mc Donald
- Frans Jacobs
- Sanette vd Walt
- Lenie Opperman
- Amanda Pelser
- Lien Pelser
- Isabel Groenewald
- Lientjie Venter
- Ivy Swart
- Daan Dercksen
- Joey Dreyer
- Ciska Hopkins
- Peet Dique
- Herman Niemand
- Isabel Mc Donald
- Janet Kleingeld
- Jan Swart

## Geseënde Kersfees

Ons bid elke mede-gelowige 'n geseënde Kersfees toe in terme van geloof, vergifnis, vrede, liefde, hoop, vriendskappe en lewensmiddele.



## Seënwense vir 2022

Ons vertrou die Here wat die toekoms ken. Ons vertrou Hom wat die toekoms en die van Sy kinders in Sy hand hou. Mag jy ook van harte Sy wil in jou lewe soek.